


TEMMERS VAN
DIE WOESTYN
No. 27
Die nag
het Oë
braam le roux

Stan se aandag is so op Talita toegespits, sy asemhaling so luid en Talita se krete volg so kort op mekaar, dat hy nie die geklap van perdehoewe hoor nie. Hier in die berge was daar een man wat die luide geroep om hulp gehoor het. Twee, drie keer het hy geluister en toe by benadering vasgestel dat die geskree daar van die rotskoppie afkomstig is. Vroeër het Dolf reeds perdehoewe gehoor. Dit was net toe hy die laaste bergrug op sy kortpad oorgesteek het. Hy het onmiddellik gedink dat dit Zirk en sy manne is wat nog steeds agter Talita aan in die rigting van oom Gawie jaag, maar later het hy tot sy verbasing gehoor dat die hoefslae nader na hom toe dreun. Dit was kort hierna dat hy die knal gehoor het en toe die krete van 'n meisie.

Sofomslag: Chris du Plooy



# TEMMERS VAN DIE WOESTYN

No. 27
Die nag het Oë

braam le roux

## INHOUD

Hoofstuk Bladsy

1. As die Skaduwees Daal ........ 3
2. Nag in die Berge ........ 21
3. Net die Sterre Weet ........ 39
4. Lyk in die Hut ........ 57
5. Die Nag het Oë ........ 76



## AS DIE SKADUWEES DAAL

Hy sit sy rewolwer langs hom op die tafel neer, laat sy hande op die tafelblad rus en beveel:

,,En nou kan jy vir my iets maak om te eet, Talita. Ek het 'n week laas 'n ordentlike bord kos gehad. Ek is baie honger. Ek het ver gery om eindelik weer hier op Holfontein uit te slaan. Jy het nie gedink dat ek ooit sou leef om weer vir Holfontein te sien nie.''

Die meisie staan langs die stoof en staar die man by die tafel met vrees in haar oë aan. Onder haar voorskoot wring sy haar hande ineen. Haar lippe bewe as sy vra:

,,Wat kom soek jy op Holfontein, Zirk? Jy weet Holfontein is nie groot genoeg vir jou en Dolf Retief nie.''

Zirk leun agteroor op sy stoel en lag diep uit sy keel.

,,Is dit so, nè? Nou ja, ek betwis dit nie. Dan moet Dolf Retief net spore maak solank ek hier is. As hy dit so verkies, kan hy weer terugkom hierheen sodra ek my sake afgehandel het.''

,,Zirk, ek kan sien dat jy van plan is om jou bose loopbaan verder voort te sit. Ek het gehoop. . . ek het gehoop dat die drie jaar op die breekwater jou sou goed doen, maar dit het nie. Jy wil weer van voor af begin.''

Die man staar haar lank aan, met 'n byna sarkastiese trek op sy gesig. Sy groot hande rus nog op die skoon tafelblad en sy helder blou oë fonkel lewendig.

,,Nee, Talita, jy is verkeerd. Ek wil nie weer begin nie, maar ek wil voortgaan met 'n taak wat ek nog nie voltooi het nie. Ek wil begin waar ek opgehou het. Ek sou nou ryk gewees het, Talita, skatryk, as jou broer, Hendrik, my nie verraai het nie en as Dolf Retief nooit geleef het nie. Hendrik en Dolf Retief het verhoed dat ek my taak drie jaar gelede behoorlik afgerond het, en ek het nou gekom om my werk wat ek begin het, te voltooi.''

,,Asseblief, Zirk! Hoekom begin jy nie ook reg loop nie, soos. . . soos Hendrik nie?''

,,Ga, jy meen soos Hendrik en jy! Nee, Talita. Ek loop nie julle paadjie nie. Julle loop die paadjie van lafaarde en verraaiers. Jy het my ook verraai, Talita. Daar was 'n tyd toe jy my liefgehad het, maar toe ek eers veilig agter slot en grendel was, het jy my vergeet, my nagedagtenis verraai. Ek het gebars van eensaamheid daar

agter die grou mure, maar Talita het geswyg. Talita het Zirk Kromhout gerieflikheidshalwe vergeet, want Zirk was arm, hy kon haar nie meer oorlaai met geskenke nie, hy kon nie meer ryk word nie. Hy was nou in die tronk. Daarom het ene Talita haar rug op Zirk Kromhout gedraai.''

,,Dit is nie so nie, Zirk,'' fluister die meisie. ,,Dit is net. . . net dat ek nie meer gekoppel wil wees aan mense wat steel en roof nie. Ek het nog nooit jou optrede goedgekeur nie. Jy weet dit. Ek het nog altyd gehoop dat jy self sou ophou en dat jy mettertyd 'n ander lewe sou voer. Dit is waar, ek het jou liefgehad, toe ek skaars agttien was, maar nou, maar nou, nou het dinge verander en my gevoel jeens jou ook. Zirk, loop asseblief en bêre daardie rewolwer.''

Zirk lag weer luid.

,,Ag nee, so maklik gaan jy nie van my ontslae raak nie, Talita! Ek het hier na jou huis toe gekom om dag te sê en te eet. . . te eet, Talita, want ek is honger! En daarna sal ek verder gaan om my sakies in orde te bring.''

,,Jy maak my bang, Zirk. Ons het rus hier op Holfontein gehad. Ek het nie een dag in vrees en onsekerheid geleef nie. Maar hier kom jy op hierdie tyd van die middag hier aan. Jy sluip op die huis af, met 'n rewolwer gereed, blaf my iets toe en plak jou voor die tafel neer en vra kos. Zirk, ek is bang vir jou. . .! Wat se nare dinge bedink jy weer? Kan jy. . . kan jy vir my en Hendrik nie met rus laat nie?''

Zirk raap sy rewolwer vinnig van die tafel af op en kom orent. Sy skoene kraak as hy op Talita afstap. Hy troon hoog bokant haar, 'n lang man, met breë skouers en 'n gesig wat nou ineens wild van emosie is.

Die woorde kom hees-fluisterend oor sy lippe. Sy nekare begin swel.

,,Wat praat jy, meisiemens? Vir jou en jou broer Hendrik met rus laat? Nog nooit! Waar is jou geheue? Het jy vergeet wat gebeur het? Het jy vergeet wat hier om die draai in ons verlede lê? Het jy vergeet wat ek vir Hendrik Momsen in die hof beloof het? Kan jy my woorde nie meer onthou nie?''

Talita staan terug en lek vinnig oor haar lippe. Sy onthou sy dreigemente in die hof nog goed. Sy onthou dit, maar wie sou ooit kon gedink het dat Zirk werklik sou terugkom, dat hy bedoel het wat hy daar in die hof gesê het, drie jaar gelede, in daardie sonnige lente van die jaar? Sy het geweet dat Zirk buite homself van woede





was, maar hy het die straf verdien vir sy diefstal en stropery. Haar broer, Hendrik Momsen, het vir die Staat getuig, omdat hy graag 'n einde aan Zirk se bedrywighede wou help maak, omdat hy self sat en siek vir die onwettige dinge was waaraan hulle hul versondig het.

Sy probeer haar emosies onder beheer kry en kyk op na sy wilde oë.

,,Jy meen jy het gekom om jou op Hendrik te wreek? Op my en Hendrik?''

Zirk lag breed en sarkasties.

,,Juistemint. Ek kom Hendrik se skuld aan my invorder. Ek kom hom terugbetaal vir sy lafhartige daad, en veral kom ek ook om die heer Dolf Retief 'n bietjie te betig, omdat dit hy is wat my in die tronk laat stop het. En wat jou betref, Talita, kom ek jou haal, want jy is myne. As jy my nie meer liefhet nie, Talita, dan is jy nie werd om deur ander bemin te word nie,'' skree hy hier in haar gesig.

Talita Momsen staan nou teen die kombuismuur langs die stoof. Sy weet dat Zirk elke woord wat hy sê, bedoel. Sy het al gesien hoe onverbiddelik Zirk kan wees en hoe meedoënloos en vasberade hy iets najaag.

,,Ek sien nou, Zirk,'' praat Talita kalmer. ,,Jy het teruggekom om 'n bloedvete te begin. Jy is nog die ou Zirk. Jou misdade van die verlede het my van jou af weggedryf. Ek sterf liewer voordat ek ooit weer iets met jou te doen het. As jy hierheen gekom het om moeilikheid te maak, sal jy jou vasloop. Dolf Retief is nou vrederegter van Holfontein.''

Veragtelik staar hy af na haar toe, swaai dan om en gaan sit weer op die stoel by die tafel.

,,Dit weet ek alles, Talita. Dolf vrederegter! Maak dit my miskien bang? En Hendrik Momsen, die grootste dronklap in die ganse Noordweste! Stem dit my miskien sagter? So nimmer as te nooit nie! Ek gaan jou broer op sy plek sit, en voordat vannag ver gevorder het, sal hy my ook vertel waar hy ons buit weggebêre het. En as hy daarvan gebruik het, jy of hy, of as hy dit aan die Regering oorhandig het, sal ek hom met my blote hande vermoor.''

Sy draai om na die stoof toe. Haar bewegings is onvas. Sy weet nou dat die emosionele Zirk half kranksinnig is van haat en wraaklus. Sy weet nou dat hy nog nooit vir 'n oomblik lus was om sy bose weë vaarwel te sê nie. Toe Zirk nog 'n seun was, het hy reeds 'n doel voor oë gehad. Dit was om vinnig en gou ryk te word;

ja, die rykste man in die hele Republiek. Op Hebron langs die Vaalrivier het hy as seun begin delf, maar die blink klippies het nooit in sy sif geval nie. En toe het hy begin steel. Hy het bevriend geraak met mense in Kimberley en op die klein delwerye langs die Vaalrivier. Hy het mense besteel en beroof en eendag het hy na Hendrik toe gekom om hom van sy plan vertel om met diamante te smokkel. Hy het vertel van die invloedryke Duitsers op Aurap met wie hy reeds in verbinding was. Dit het maklik gelyk. Twee, drie besendings is deur Hendrik, Zirk, Stan Waldeck en Wim Trollip na die grens toe geneem en hulle het groot geld teruggebring, klinkende munt, genoeg om al vier skatryk te maak. Dit is toe dat daar iets verkeerd gegaan het. Dolf Retief en sy manne het hulle in die Kalahari voorgelê. Zirk-hulle het probeer ontvlug, maar Dolf en sy manne het hulle vasgetrek. Net Hendrik Momsen het daarin geslaag om weg te kom. Almal het gesien hoe dat hy met die sak vol rykdom in die klowe afsak en agter 'n bergrug verdwyn. Een van Dolf se manne het Hendrik se perd swaar gekwes, maar hulle het Hendrik nie gevang nie. 'n Week later het Hendrik in gehawende toestand op Holfontein opgedaag, half deurmekaar en ylend, half van sy sinne beroof, 'n vreesbevange wese, sonder die sak geld! En dit was sedert daardie tyd dat Hendrik stiller geword het en selfs eienaardig. Sedert daardie tyd het hy hom ook begin oorgee aan die drank. Talita weet dat Zirk nooit die verhaal wat Hendrik daarna vertel het, sal glo nie. Hendrik het beweer dat die Griekwa-rower, Vuilbaard, die geld by hom geneem het, nadat die Griekwa-stropers hom ongenadiglik mishandel het.

Sy stoot die pan op die vuur en slaan twee eiers daaroor stukkend.

Zirk strek hom behaaglik uit, die rewolwer weer langs hom op die tafel.

,,Ja-nee, dit is beter, Talita. Maak vir my kos. As jy saamwerk, sal ek jou geen leed aandoen nie. Ek kan selfs vir Hendrik vergewe as hy net soet gaan wees en my vertel waar daardie sak geld is.''

Talita kom vinnig tot by die tafel. Sy stryk haar vaal hare senuweeagtig met 'n bewende hand.

,,Zirk, verstaan in hemelsnaam rede. Vergeet die geld. Dit het in die kloof soek geraak of dit is in besit van die wreedaardige Griekwa-kaptein, Vuilbaard. Jy moes dit al gehoor het, Zirk, en dit is die waarheid, die hele waarheid.''

Zirk suig vinnig aan 'n kortsteelpyp en glimlag agter die blou





rook.

,,Glo ek daardie kranksinnige storie? Nie ek nie, Talita! Eendag sal Hendrik daardie geld gaan haal waar hy dit weggesteek het. Hoe weet ek of hy nie alreeds van daardie geld lewe nie? Ek hoor hy suip net, en doen verder niks nie. Waar kry hy die geld?''

,,Jy vergeet dat ons darem 'n boerdery het, Zirk. Die geld wat Hendrik uitdrink, kom van hierdie plaas af.''

Sy draai terug na die stoof toe. Sy hoor hoe Zirk agter haar giggellag.

,,So maklik sal julle my nie van die spoor af kry nie. Daardie geld is myne, Talita, en ek gaan dit kry ondanks al die vrederegters in die Republiek. Hierdie keer sal Dolf Retief my nie so maklik aankeer nie. En, Talita, hy sal ook nie weet dat ek reguit van die breekwater af hierheen gekom het nie. Hy sal nie weet dat ek hier is nie, nie voordat ek vir Hendrik onder hande begin neem nie. Tensy jy hom natuurlik nou gaan vertel dat ek hier is.''

As sy omdraai met 'n skoon bord in haar hand, kyk sy hom vas in sy klein blou ogies.

,,Ek ag dit my plig om Dolf te gaan inlig oor jou planne.''

Hy kners op sy tande. Sy skuif die bord voor hom in.

,,So, so! Jy gaan dus teen my werk. Ek het dit van jou verwag. Jy is seker smoorverlief op die oujongkêrel en vrederegter van Holfontein. Ek het beter vrederegters as hy in kaas sien rondkruip.''

Sy kom langs hom staan.

,,Ek het altyd vas geglo dat daar tog iets goed in jou is, Zirk. Ek glo dit nog soms. En ek smeek jou nou, Zirk: Gaan hier weg, of bly hier en gedra jou. Holfontein ken nie so iets soos bloedvergieting nie. Dolf Retief is 'n onverbiddelike soort mens wanneer hy die wet moet handhaaf.''

Zirk hap die eerste vurkvol kos weg en dan kyk hy op na Talita en streel die ivoorkolf van sy rewolwer.

,,Ek skat hy het al 'n bietjie verleer om vinnig te skiet, Talita. Ek het dit nog nie verleer nie. En jy weet dat ek die vinnigste skut in hierdie omgewing is.''

Talita weet dat dit hopeloos is om met hom te praat. Sy kyk deur die venster en sien die perde voor die kroeg by die hotel, sowat tweehonderd treë van die huis af. Ja, sy weet dat Zirk 'n gevaarlike skut is. Die mense het hom soms ,,Weerlig'' Zirk genoem.

Zirk eet gulsig aan die kos en sy stap terug tot by die

kombuisdeur wat uitlei na die donker gang. Daar steek sy vas en kyk terug.

,,Ek sien jy het maats saamgebring, Zirk. Ook tipies soos ek jou ken. Jy is nie tevrede voordat jy nie 'n hele kommando het nie.''

Hy vee haastig met die servet oor sy mond.

,,Net so, Talita. Stan Waldeck en Wim Trollip wag vir my daar by die hotel.''

Hy skuif die stoel haastig agteruit, tel die rewolwer op en laat dit behendig in sy swart leersak terugly. Dan kom hy stadig na haar toe aangestap. Hy sien die onsekerheid in haar ligbruin oë.

,,Jy sal nog jou mening oor my verander, Talita, as ek een van die dae rol in die geld.''

Hy steek sy hande uit en laat dit op haar skouers neerkom. Met 'n byna teer uitdrukking in sy oë staar hy haar vas in die oë en as hy haar wil nader trek, ontworstel sy haar aan sy greep en staan terug.

,,Nee, Zirk, my mening oor jou sal ek nooit verander nie. Jy is wreed, harteloos. Jou hele lewe word bestuur deur selfsug en haat. Jy begin hierdie vete, Zirk, maar ek waarsku jou, jy sal nie as oorwinnaar anderkant uitkom nie.''

,,Luister tog na my profetes!''

,,En ek waarsku jou ook, Zirk. Hendrik is nie meer die broer wat hy was nie. Hy het 'n knou weg. As jy hom enige leed aandoen, sal jy my werklik teen jou hê.''

,,Wat 'n nooi!'' lag hy. ,,Ek sal wat betaal om jou aan my kant te hê, Talita.''

Hy draai om en raap sy hoed van die tafel af op, en toe hy by die deur kom, sit hy dit op sy kop en sê oor sy skouer:

,,En, Talita, dit sal beter vir jou wees om jou heeltemal uit hierdie ding uit te hou, anders kan ek my dalk ook vir jou vererg.''

,,Ek kan my nie daaruit hou nie, Zirk. As jy Hendrik enige leed aandoen, doen jy dit my ook aan.'

Hy talm in die deur en dan mompel hy:

,,As Hendrik my dadelik gaan sê waar hy die geld weggesteek het, sal hy moontlik niks oorkom nie. Dan sal ek vir jou onthalwe nog 'n bietjie genade aan hom betoon, maar as hy hom enigsins hardkoppig gaan hou, sal sy hare waai, en dit geld ook vir die vrederegter.''

Sonder om vir 'n antwoord te wag, draai hy om en loop vinnig in die rigting van die vyelaning waar hy sy perd laat staan het. Talita storm egter na die kombuisdeur en skree in 'n skril stemmetjie





agter Zirk aan:

,,Staan waar jy is, Zirk, en gooi jou rewolwer neer.''

Zirk steek vas en wanneer hy na haar kyk, glimlag hy geamuseerd. Talita staan in die kombuisdeur met 'n rewolwer in haar regterhand. Sy het dit blitsig van onder haar voorskoot uitgegryp. Die loop blink in die laat middagson en Zirk sien dat dit op sy bors gerig is. Hy begin harder lag. Dit klink meer na 'n uittartende blafgeluid.

,,Talita, maar jy is 'n rowwe nooi! Wat wil jy nou doen?''

,,Gooi jou rewolwer neer, Zirk. Ek weet wat ek gaan doen.''

Die glimlag verdwyn van Zirk se gelaat. Hy neem 'n tree vorentoe, maar Talita deins nie terug nie. Hy sien haar vinger wat om die blink sneller geslaan is, en hy merk die drif in haar oë.

,,Staan waar jy is, Zirk! Jy is 'n gevaar vir die rus en vrede van die hele gemeenskap.''

Sonder om haar oë van hom af te neem, roep sy luid oor haar skouer:

,,Jossie! Jossie, kom gou hier!''

Ver agter in die kombuis gee 'n stem antwoord en 'n oomblik later loer 'n swart gesig hier om die hoek van die huis, sien die rewolwer in Talita se hand en begin skielik die koue rillings kry.

,,Wa. . . wa's dit, Kleinnooi?''

,,Jossie, gaan by daardie hek uit en hardloop vinnig na baas Dolf Retief toe. Sê vir hom dat hy gou hier moet kom. Ek het iemand hier wat dreig om Holfontein in 'n bloedbad om te skep.''

Die swart vrou se oë rek groot en sy kyk na die lang, breedgeskouerde man wat roerloos daar by die eerste vyeboom staan.

,,Au, Kleinnooi. . . Kleinnooi, ou Jossie is bang.''

,,Doen soos ek gesê het, Jossie. Hierdie baas is gevaarlik.''

Zirk plant sy voete uitmekaar en sy stem kom hees:

,,As jy 'n tree verroer, wyfie-tater, is jy 'n kind des doods.''

Jossie weet dat die man se woorde vir haar bedoel is. Die dik lippe begin bewe.

,,Ek sal net kombuis toe roer, Baas. Kleinnooi, sit tog weg darrie gevaarlike ding! Vandag is ons albei dood!''

,,Dit is reg. Julle sal albei dood wees, Talita, as jy nie met jou dwaasheid ophou nie. Draai daardie loop van my af weg of ek vererg my.''

Daar heers 'n oomblik lank stilte.

„Moet nie dink dat ek bang is nie, Zirk. Ek bedoel wat ek sê. Gooi jou rewolwer neer. Dit is jy wat dwaashede wil begaan, en ek sal lafhartig wees as ek jou nie nou in jou bloeddorstige voornemens stuit nie. Ek sal nie aarsel om jou te skiet nie, Zirk. Dit is my plig teenoor Hendrik, teenoor die gemeenskap."

Hy kyk haar stip aan. Sy hande is nou albei in sy sye. Die groot breërandhoed gooi 'n skaduwee oor sy gesig.

„Goed, Talita. Ek gooi my rewolwer neer."

Sy hand beweeg na die kolf toe en dan is dit in sy hand. Hy draai 'n slag om en kyk in die rigting van die hotel waar sy maats se perde nog steeds aan die haak staan. En toe hy weer na Talita draai, gebeur dit alles in 'n oomblik. Sy rewolwer blits vuur. Jossie skree en stort op die grond neer. Talita steier terug toe haar rewolwer skielik met geweld deur iets onsigbaars uit haar hand geruk word. Die vuurwapen kletter op die sementtrappe voor die agterstoep neer.

Binne enkele sekondes is alls verby en 'n doodse stilte heers vir enige oomblikke. Die rook krul uit Zirk se vuurwapen en daar is 'n breë grynslag om sy lippe. Talita hou aan die tafel vas. 'n Weerbarstige haarkrul dreig om oor haar oë te val. Die hand waarmee sy die rewolwer vasgehou het, is effens seer. Die pyn is veroorsaak deur die geweld waarmee die rewolwer uit haar hand geruk is.

Zirk se rewolwer gly in sy leerskede terug en dan kom hy vinnig vorentoe. Hy kom tot in die deur.

„As dit nie jy was nie, Talita, sou ek nou jou nek gebreek het. Jy kon dood gewees het, morsdood. Dit was nie so maklik om daardie rewolwer uit jou hand te skiet sonder om jou te tref nie. En laat Zirk Kromhout jou 'n les leer, Talita. Moet nooit dat die man wat jy aanhou, self sy rewolwer op die grond neergooi nie. Jy moet dit self doen, maar terselfdertyd toesien dat hy nie streke uithaal nie."

Hy buk en raap haar rewolwer van die grond af op. Vinnig maak hy die magasyn leeg en oorhandig die wapen aan Talita.

Hy draai in sy spore om en by die vyelaning roep hy terug:

„Moet my om vadersnaam nie probeer dwarsboom nie, Talita. Ek sal jou nie graag leed wil aandoen nie."

Hy loop vinnig in die vyelaning af en 'n oomblik later sien sy deur die blare en takke hoe hy op sy bruin perd klim en in die rigting van die hotel ry. Sy bly in die kombuisdeur staan totdat hy op die hoogte weer in sig is. Sy hou hom dop totdat hy voor die hotel stilhou, sy perd tot by die haak lei en dan vinnig die kroeg





binnestap.

Talita stap na buite. Die strale van die flou sonnetjie is welkom ná die drukkende hitte van die dag. 'n Koel bries waai uit die rigting van die berge. Talita stap tot by Jossie wat nou aan die muur vashou en opsukkel, nog steeds bewend van vrees.

„Hy het my geskiet, Kleinnooi!"

„Jy is laf, Jossie! Gaan doen jou werk. Ek het nooit geweet dat jy so bang is nie."

„Het die Kleinnooi hom doodgeskiet?"

„Nee, hy is weg. Gaan maar kombuis toe."

Jossie verdwyn vinnig om die hoek van die huis en 'n oomblik later kan Talita haar hoor werskaf.

Talita ervaar 'n snaakse gewaarwording as sy vinnig deur die huis tot in haar slaapkamer stap. Dit voel vir haar asof sy op die vooraand van 'n groot ramp staan. Vanoggend het sy nog doodgelukkig gevoel, maar nou is sy ineens gejaagd. Sy weet dat niks Zirk sal stuit nie. Hy sal alleen met hierdie dinge ophou as hy eendag dood is. Zirk is nou eenmaal in die wieg gelê om gedurig moeilikheid te soek, om gedurig met die wet in botsing te kom. Hier op Holfontein is geen polisie wat hom kan stuit nie. Polisie is skaars in die Noordweste. Dit is net Dolf Retief wat miskien iets kan doen om Zirk in sy malheid te keer. As daar gevaar dreig, as daar mense is wat op hulle plek gesit moet word, is dit Dolf wat dit doen, en as die taak te groot vir hom is, kry hy hulp van die boere in die omgewing, as hulle die dag wil help. Talita weet egter dat die boere van die omgewing baie van Zirk hou. Zirk was nog altyd 'n soort held by hulle en sy weet dat hy hulle nog ruimskoots kan beinvloed. Selfs sy het Zirk eenmaal as 'n held beskou, toe sy nog jonger was en toe sy hom vurig liefgehad het.

Zirk, sy en Hendrik het saam grootgeword, het saam die suur en soet van die lewe deurgemaak. Maar toe het Zirk later dinge begin doen wat Talita nie goedgekeur het nie. En nog lank voor Dolf Retief vir hom en Stan Waldeck en Wim Trollip in die tronk gestop het, het sy besluit om haar los te maak van Zirk se invloed. Dit is sy wat haar broer teen Zirk begin waarsku het, en dit is sy wat hom eindelik oorreed het om teen Zirk te getuig.

Sy verklee haar haastig, trek haar ryrok aan en gaan staan voor die spieël om haar veldhoed mooi op haar bos vaal hare te druk.

Sy moet 'n plan maak. Sy moet Hendrik waarsku voordat Zirk hom bykom. Hendrik het vanoggend vroeg na oom Gawie se plaas